# Government Gazette
# Staatskoerant

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Vol. 452 | Cape Town, Kaapstad, 4 February Februarie 2003 | No. 24340

## THE PRESIDENCY

No. 182 4 February 2003

It is hereby notified that the President has assented to the following Act, which is hereby published for general information:—

**No. 64 of 2002: Broadcasting Amendment Act, 2002.**

## DIE PRESIDENSIE

No. 182 4 Februarie 2003

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

**No. 64 van 2002: Uitsaaiwysigingswet, 2002.**

9 771682 584003 24340

AIDS HELPLINE: 0800-123-22 Prevention is the cure

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments. |

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 29 January 2003.)*

# ACT

**To amend the Broadcasting Act, 1999, so as to add certain definitions; to provide for the conversion of the old Corporation into a public company in terms of the Companies Act; to clarify the relationship between the policies governing public commercial services and the values of the public broadcasting service; to provide for the continued existence of the old Corporation during the transitional period; to provide for a procedure relating to authorisation of all channels carried by the broadcasting services; to provide for the procedure relating to the granting of additional subscription television service licences and to open subscription television services to full competition; to provide for the application and granting of television licences; to provide for the imposition of penalties for failure to pay television licence fees; to provide for the appointment of inspectors; and to provide for the making of regulations; to amend the Independent Broadcasting Authority Act, 1993, and the Independent Communications Authority of South Africa Act, 2000; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of Preamble to Act 4 of 1999**

**1.** The Preamble to the Broadcasting Act, 1999 (Act No. 4 of 1999) (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the third paragraph of the following paragraph:

> "**Realising** that the broadcasting system must reflect the identity and diverse nature of South Africa, is controlled and managed by persons or groups of persons from a diverse range of communities, including persons from previously disadvantaged groups, and must reflect the multilingual and diverse nature of South Africa by promoting the entire spectrum of cultural backgrounds, religious backgrounds and official languages in the Republic;".

**Amendment of section 1 of Act 4 of 1999**

**2.** Section 1 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of "appointing body" of the following definition:

> " 'authorised inspector' means an authorised inspector appointed by the Corporation in terms of section 27(6) of this Act;";

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

| | |
|---|---|
| [ ] | Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan. |
| ______ | Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan. |

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 29 Januarie 2003.)*

# WET

**Om die Uitsaaiwet, 1999, te wysig, ten einde sekere omskrywings by te voeg; voorsiening te maak vir die omskepping van die ou Korporasie in 'n openbare maatskappy ingevolge die Maatskappywet; die verhouding tussen die beleid wat die openbare handelsdienste beheers en die waardes van die openbare uitsaaidiens duidelik te maak; voorsiening te maak vir die voortgesette bestaan van die ou Korporasie gedurende die oorgangstydperk; voorsiening te maak vir 'n prosedure met betrekking tot die magtiging van alle kanale wat deur die uitsaaidienste gedra word; voorsiening te maak vir die prosedure met betrekking tot die toekenning van bykomende subskripsie-televisiedienslisensies en subskripsie-televisiedienste oop te stel vir volle mededinging; voorsiening te maak vir die aansoek om en toestaan van televisielisensies; voorsiening te maak vir die oplegging van strawwe vir versuim om televisielisensiegelde te betaal; voorsiening te maak vir die aanstelling van inspekteurs; en voorsiening te maak vir die uitvaardiging van regulasies; om die Wet op die Onafhanklike Uitsaai-owerheid, 1993, en die Wet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika, 2000, te wysig; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede in verband daarmee.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van Aanhef tot Wet 4 van 1999**

**1.** Die Aanhef tot die Uitsaaiwet, 1999 (Wet No. 4 van 1999) (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die derde paragraaf deur die volgende paragraaf te vervang:

"**In die besef** dat die uitsaaistelsel die identiteit en diverse aard van Suid-Afrika moet weerspieël, beheer en bestuur word deur persone of groepe persone uit 'n wye verskeidenheid gemeenskappe, met inbegrip van persone uit voorheen benadeelde groepe, en die veeltalige en diverse aard van Suid-Afrika moet weerspieël deur die hele spektrum van kultuuragtergronde, godsdienstige agtergronde en amptelike tale in die Republiek te bevorder;".

**Wysiging van artikel 1 van Wet 4 van 1999**

**2.** Artikel 1 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur na die omskrywing van "Adviesliggaam" die volgende omskrywings in te voeg:

" 'afdeling kommersiële diens' die kommersiëlediensafdeling van die Korporasie beoog in artikel 9(1)*(b)*;

*(b)* by the substitution for the definition of "Board" of the following definition:

" 'Board' means Board of **[South African Broadcasting Corporation Limited]** the Corporation;";

*(c)* by the substitution for the definition of "broadcaster" of the following definition:

" 'broadcaster' means any legal or natural person who composes or packages **[or distributes]** television or radio programme services for reception by the public or sections of the public or subscribers to such a service irrespective of technology used;";

*(d)* by the substitution for the definition of "broadcasting licence" of the following definition:

" 'broadcasting licence' means a licence granted and issued by the Authority in terms of this Act or the IBA Act, to a person for the purpose of providing a defined category of broadcasting service, or deemed by this Act or the IBA Act to have been so granted and issued;";

*(e)* by the substitution for the definition of "broadcasting signal distribution licence" of the following definition:

" 'broadcasting signal distribution licence' means a licence granted and issued by the Authority in terms of this Act or the IBA Act to a person for the purpose of providing signal distribution for broadcasting purposes, or deemed by this Act or the IBA Act to have been so granted and issued;";

*(f)* by the insertion after the definition of "broadcasting signal distribution licensee" of the following definitions:

" 'broadcasting signal distribution service' means a service whereby broadcasting signal distribution is provided;

'business', for the purposes of the definition of 'record' and section 27 means a person who uses a television set—

*(a)* in the course of conducting his or her business;

*(b)* in the course of engaging in commercial transactions;

*(c)* as part of his or her activities for gain; or

*(d)* on premises which are occupied for business purposes,

but excludes a dealer and lessor;";

*(g)* by the substitution for the definition of "channel" of the following definition:

" 'channel' means a single defined **[television]** programming service of a licensee other than a video on demand programming service;";

*(h)* by the insertion after the definition of "commercial broadcasting service" of the following definition:

" 'commercial service division' means the commercial service division of the Corporation contemplated in section 9(1)*(b)*;";

*(i)* by the substitution for the definition of "Corporation" of the following definition:

" 'Corporation' means the South African Broadcasting Corporation Limited **[established]** upon conversion of the old Corporation in terms of section **[7]** 8A of this Act;";

*(j)* by the insertion after the definition of "Corporation" of the following definitions:

" 'date of conversion' means the date determined by the Minister by notice in the *Gazette*, as stipulated in section 8A(1);

'dealer' means a person who engages in the business of selling television sets;";

*(k)* by the deletion of the definition of "direct to home broadcasting";

*(l)* by the insertion after the definition of "Department" of the following definition:

" 'due diligence report' means the due diligence report to be prepared by the old Corporation in terms of section 8A(12)*(a)*;";

*(m)* by the substitution for the definition of "free-to-air service" of the following definition:

" 'free-to-air service' means a service which is broadcast and capable of being received without payment of subscription fees;";

*(n)* by the deletion of the definition of "incorporation date";

'afdeling openbare diens' die openbarediensafdeling van die Korporasie beoog in artikel 9(1)*(a)*;

'besigheid', by die toepassing van die omskrywing van 'rekord' en artikel 27, 'n persoon wat 'n televisiestel gebruik—

*(a)* in die loop van die bedryf van sy of haar besigheid;

*(b)* in die loop van die aangaan van handelstransaksies;

*(c)* as deel van sy of haar aktiwiteite vir gewin; of

*(d)* op 'n perseel wat vir besigheidsdoeleindes beset word,

met uitsluiting van 'n handelaar en verhuurder;

'datum van omskepping' die datum deur die Minister bepaal by kennisgewing in die *Staatskoerant* soos in artikel 8A(1) gestipuleer;";

*(b)* deur die omskrywing van "direk-na-woning-voorsieningsdiens" te skrap;

*(c)* deur na die omskrywing van "enkripsie" die volgende omskrywings in te voeg:

" 'gebruik' die gebruik of besit van 'n televisiestel of om 'n ander persoon toe te laat om 'n televisiestel te gebruik of besit, en die woorde 'gebruiker' en 'het gebruik' word dienooreenkomstig uitgelê;

'gemagtigde inspekteur' 'n gemagtigde inspekteur deur die Korporasie aangestel ingevolge artikel 27(6) van hierdie Wet;";

*(d)* deur na die omskrywing van "gemeenskapsuitsaaidiens" die volgende omskrywings in te voeg:

" 'gepaste-ywerverslag' die gepaste-ywerverslag wat deur die ou Korporasie ingevolge artikel 8A(12)*(a)* voorberei moet word;

'handelaar' 'n persoon wat handel dryf deur televisiestelle te verkoop;";

*(e)* deur die omskrywing van "inkorporasiedatum" te skrap;

*(f)* deur voor die omskrywing van "kanaal" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'inventaris' die inventaris wat deur die ou Korporasie opgestel moet word en aan die Minister voorgelê moet word in ooreenstemming met die bepalings van artikel 8A(13)*(a)*;";

*(g)* deur die omskrywing van "kanaal" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'kanaal' 'n enkele omskrewe **[televisieprogramdiens]** programdiens van 'n lisensiehouer buiten 'n video-op-aanvraag-programdiens;";

*(h)* deur die omskrywing van "Korporasie" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'Korporasie' die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie Beperk by die omskepping van die ou Korporasie ingevolge artikel **[7]** 8A van hierdie Wet **[ingestel]**;";

*(i)* deur na die omskrywing van "lid" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'lisensie' 'n uitsaailisensie of 'n uitsaaiseinverspreidingslisensie;";

*(j)* deur die omskrywing van "lisensiehouer" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'lisensiehouer' die houer van enige lisensie toegestaan en uitgereik kragtens hierdie Wet of die OUO-wet of geag deur hierdie Wet of die OUO-wet so toegestaan en so uitgereik te gewees het;";

*(k)* deur die omskrywing van "oordragdatum" te skrap;

*(l)* deur na die omskrywing van "OUO-Wet" die volgende omskrywing in te voeg:

" 'persoon' dieselfde as die betekenis wat daaraan toegeskryf word in artikel 2 van die Interpretasiewet, 1957 (Wet No. 33 van 1957), en sluit enige staatsdepartement of administrasie in die nasionale, provinsiale of plaaslike regeringsfeer in;";

*(m)* deur die omskrywing van "plaaslike voorsieningsdiens" te skrap;

*(n)* deur die omskrywing van "Raad" deur die volgende omskrywing te vervang:

" 'Raad' die Raad van die **[Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie Beperk]** Korporasie;";

*(o)* by the insertion after the definition of "IBA Act" of the following definitions:

" 'inventory' means the inventory to be prepared by the old Corporation and submitted to the Minister in accordance with the provisions of section 8A(13)*(a)*;

'lessor' means a person who engages in the business of renting out television sets;

'licence' means a broadcasting licence or a broadcasting signal distribution licence;";

*(p)* by the substitution for the definition of "licensee" of the following definition:

" 'licensee' means the holder of any licence granted and issued under this Act or the IBA Act or deemed by this Act or the IBA Act to have been so granted and so issued;";

*(q)* by the deletion of the definition of "local delivery service";

*(r)* by the substitution for the definition of "multi-channel distribution service" of the following definition:

" 'multi-channel distribution service' means a **[service which transmits more than one channel at the same time by means of radio waves or telecommunications]** broadcasting signal distribution service that provides broadcasting signal distribution of more than one channel at the same time on the same signal, and 'multi-channel distributor' is construed accordingly;";

*(s)* by the insertion after the definition of "old Corporation" of the following definition:

" 'person' has the meaning assigned to it in section 2 of the Interpretation Act, 1957 (Act No. 33 of 1957), and includes any department of state or administration in the national, provincial or local spheres of government;";

*(t)* by the insertion after the definition of "public broadcasting service" of the following definitions:

" 'public service division' means the public service division of the Corporation contemplated in section 9(1)*(a)*;

'Public Finance Management Act' means the Public Finance Management Act, 1999 (Act No. 1 of 1999);";

*(u)* by the insertion after the definition of "radio" of the following definitions:

" 'record' means the information as prescribed which must be provided by a business or dealer or such information as is reasonably required by an authorised inspector in order to determine whether a business or dealer has complied with this Act;

'Registrar' means the Registrar of Companies, as defined in the Companies Act;

'regulation' means a regulation made under section 40 but excludes financial regulations made under section 18;";

*(v)* by the insertion after the definition of "television broadcasting service" of the following definitions:

" 'television licence' means a current and valid written licence issued in terms of this Act for the use of a television set;

'television licence fee' means a fee prescribed in terms of this Act and payable for the use of a television set;";

*(w)* by the insertion after the definition of "terrestrial broadcasting service" of the following definitions:

" 'use' means the use or possession of a television set or permitting any other person to use or possess a television set and the words 'user' and 'used' are construed accordingly;";

*(x)* by the deletion of the definition of "transfer date";

*(y)* by the deletion of subsection (3).

**Amendment of section 3 of Act 4 of 1999**

**3.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (5) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

*(o)* deur na die omskrywing van "radio" die volgende omskrywings in te voeg: " 'Registrateur' die Registrateur van Maatskappye, soos omskryf in die Maatskappywet; 'regulasie', 'n regulasie wat kragtens artikel 40 uitgevaardig is, met die uitsondering van finansiële regulasies wat kragtens artikel 18 uitgevaardig is; 'rekord' die voorgeskrewe inligting wat deur 'n besigheid of handelaar verskaf moet word of sodanige inligting wat redelikerwys deur 'n gemagtigde inspekteur vereis word ten einde te bepaal of 'n besigheid of handelaar aan hierdie Wet voldoen het;".

*(p)* deur na die omskrywing van "telekommunikasie" die volgende omskrywings in te voeg: " 'televisielisensie' 'n lopende en geldige geskrewe lisensie wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is vir die gebruik van 'n televisiestel; 'televisielisensiegeld' die geld wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf word en vir die gebruik van 'n televisiestel betaalbaar is;";

*(q)* deur die omskrywing van "uitsaaier" en "uitsaailisensie" deur die volgende omskrywings te vervang: " 'uitsaaier' 'n regs- of natuurlike persoon wat televisie- of radioprogramdienste saamstel **[,]** of verpak **[of versprei]** vir ontvangs deur die publiek of gedeeltes van die publiek of intekenaars op so 'n diens ongeag die tegnologie wat gebruik word; 'uitsaailisensie' 'n lisensie ingevolge hierdie Wet of die OUO-Wet deur die Owerheid aan 'n persoon toegestaan en uitgereik met die doel om 'n omskrewe kategorie uitsaaidiens te voorsien, of deur hierdie Wet of die OUO-Wet geag aldus toegestaan en uitgereik te wees;";

*(r)* deur na die omskrywing van "uitsaailisensie" die volgende omskrywing in te voeg: " 'uitsaaiseinverspreidingsdiens' 'n diens waardeur uitsaaiseinverspreiding verskaf word;";

*(s)* deur die omskrywing van "uitsaaiseinverspreidingslisensie" deur die volgende omskrywing te vervang: " 'uitsaaiseinverspreidingslisensie' 'n lisensie toegestaan en uitgereik deur die Owerheid ingevolge hierdie Wet of die OUO-wet aan 'n persoon met die doel om seinverspreiding vir uitsaaidoeleindes te voorsien of deur hierdie Wet of die OUO-wet geag word so toegestaan en uitgereik te gewees het;";

*(t)* deur die omskrywing van "veelkanaalverspreidingsdiens" deur die volgende omskrywing te vervang: " **['veelkanaal-verspreidingsdiens']** 'veelkanaalverspreidingsdiens' 'n **[diens wat meer as een uitsaaikanaal terseldertyd uitsaai deur middel van radiogolwe of telekommunikasie]** uitsaaiseinverspreidingsdiens wat uitsaaiseinverspreiding van meer as een kanaal gelyktydig op dieselfde sein verskaf, en word 'veelkanaalverspreider' dienooreenkomstig uitgelê;";

*(u)* deur na die omskrywing van "veelkanaalverspreidingsdiens" die volgende omskrywing in te voeg: " 'verhuurder' 'n persoon wat besigheid doen in die verhuring van televisiestelle;";

*(v)* deur die omskrywing van "vry-op-lug-diens" deur die volgende omskrywing te vervang: " 'vry-op-lug-diens' 'n diens wat uitgesaai word en wat ontvang kan word sonder betaling van subskripsiegeld;";

*(w)* deur die volgende omskrywing by te voeg: " 'Wet op Openbare Finansiële Bestuur' die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999)."; en

*(x)* deur subartikel (3) te skrap.

**Wysiging van artikel 3 van Wet 4 van 1999**

**3.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig —

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* be varied and comprehensive, providing a balance of information, education and entertainment meeting the broadcasting needs of the entire South African population in terms of age, race, gender, religion, interests and backgrounds;"; and

*(b)* by the substitution in subsection (5) for paragraph *(f)* of the following paragraph:

"*(f)* comply with **[the]** a code of conduct for broadcasting services as prescribed in **[Schedule 1]** terms of the IBA Act.".

**Substitution of section 4 of Act 4 of 1999**

**4.** The following section is hereby substituted for section 4 of the principal Act:

"**Licences**

**4.** (1) *(a)* Notwithstanding section 39 of the IBA Act, any person who, immediately before the commencement of this Act, provided a broadcasting service without a broadcasting licence is deemed to have permission to continue to provide such service if such person applies to the Authority for the necessary licence within six months after the commencement of the Broadcasting Amendment Act, 2002.

*(b)* The permission is deemed to continue until the Authority has refused the application or, in the event of a decision to grant the application, has issued the licence.

(2) This section must not be construed to mean that a broadcasting service licensed to provide such service to a foreign country by the appropriate authority and whose signal is incidentally received in South Africa, is required to hold a broadcasting licence issued by the Authority.

(3) Subject to subsection (5), a person who provides a licensed broadcasting service consisting of more than one channel may not include a channel in such a service unless the Authority, on application by such person, has authorised the channel.

(4) The Authority must prescribe the procedure and the appropriate conditions for the authorisation of channels, which must include how channels are defined.

(5) *(a)* Any person who immediately before the commencement of this Act provided an unlicensed broadcasting service consisting of more than one channel is deemed to have permission to continue to include those channels if such person applies to the Authority for the authorisation of the channels within three months after the publication of the regulations contemplated in subsection (4).

*(b)* The permission is deemed to continue until the Authority has granted or refused such application.".

**Amendment of section 5 of Act 4 of 1999**

**5.** Section 5 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Subject to this Act, broadcasting licences are categorised as—

*(a)* free-to-air broadcasting service;
*(b)* terrestrial subscription broadcasting service;
*(c)* satellite subscription broadcasting service;
*(d)* cable subscription broadcasting service;
*(e)* low power sound broadcasting service; and
*(f)* any other class of licence prescribed by the Authority from time to time."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(3) Applications for broadcasting licences must be made in terms of the applicable provisions of the IBA Act and any regulations prescribed thereunder.".

"*(a)* moet veelsoortig en omvattend wees en 'n balans van inligting, opvoeding en vermaak aanbied wat voldoen aan die uitsaaibehoeftes van die hele Suid-Afrikaanse bevolking wat betref ouderdom, ras, geslag, godsdiens, belange en agtergronde;"; en

*(b)* deur paragraaf *(f)* van subartikel (5) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(f)* voldoen aan **[die]** 'n gedragskode vir uitsaaidienste soos omskryf **[in Bylae 1 tot]** ingevolge die OUO-wet.".

**Vervanging van artikel 4 van Wet 4 van 1999**

**4.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Lisensies**

**4.** (1)*(a)* Ondanks artikel 39 van die OUO-wet word enige persoon wat, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, 'n uitsaaidiens verskaf het sonder 'n uitsaailisensie, geag toestemming te hê om voort te gaan om sodanige diens te verskaf indien sodanige persoon binne ses maande na die inwerkingtreding van die Uitsaaiwysigingswet, 2002, by die Owerheid vir die nodige lisensie aansoek doen.

*(b)* Die toestemming word geag voort te duur totdat die Owerheid die aansoek geweier het of, in die geval van 'n besluit om die aansoek toe te staan, die lisensie uitgereik is.

(2) Hierdie artikel moet nie uitgelê word as sou dit beteken dat 'n uitsaaidiens wat deur die toepaslike owerheid gelisensieer is om sodanige diens aan 'n vreemde land te voorsien en wie se sein toevallig in Suid-Afrika opgevang word, 'n lisensie uitgereik deur die Owerheid moet besit nie.

(3) Onderworpe aan subartikel (5), mag 'n persoon wat 'n gelisensieerde uitsaaidiens verskaf wat uit meer as een kanaal bestaan, nie 'n kanaal in sodanige diens insluit nie tensy die Owerheid, op aansoek deur sodanige persoon, die kanaal gemagtig het.

(4) Die Owerheid moet die prosedure en die toepaslike voorwaardes vir die magtiging van kanale voorskryf, wat moet insluit hoe kanale afgebaken word.

(5)*(a)* Enige persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n ongelisensieerde uitsaaidiens verskaf het wat uit meer as een kanaal bestaan, word geag toestemming te hê om voort te gaan om daardie kanale in te sluit indien sodanige persoon binne drie maande na die publikasie van die regulasies bedoel in subartikel (4) by die Owerheid aansoek doen om die magtiging van die kanale.

*(b)* Die toestemming word geag voort te duur totdat die Owerheid sodanige aansoek toegestaan of geweier het.".

**Wysiging van artikel 5 van Wet 4 van 1999**

**5.** Artikel 5 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Onderworpe aan hierdie Wet, word uitsaailisensies gekategoriseer as—

*(a)* vry-tot-lug-uitsaaidiens;

*(b)* aardsubskripsie-uitsaaidiens;

*(c)* satellietsubskripsie-uitsaaidiens;

*(d)* kabelsubskripsie-uitsaaidiens;

*(e)* laekragklank-uitsaaidiens; en

*(f)* enige ander klas lisensie van tyd tot tyd deur die Owerheid voorgeskryf."; en

*(b)* deur die invoeging van die volgende subartikel:

"(3) Aansoeke om uitsaailisensies moet gedoen word ingevolge die toepaslike bepalings van die OUO-wet en enige regulasies daaronder voorgeskryf.".

**Substitution of section 6 of Act 4 of 1999**

**6.** The following section is hereby substituted for section 6 of the principal Act:

"**Charter of Corporation**

**6.** (1) The Corporation must comply with the Charter as outlined in this part.

(2) The Authority must monitor and enforce compliance with the Charter by the Corporation.

(3) In terms of this Charter, the Corporation, in pursuit of its objectives and in the exercise of its powers, enjoys freedom of expression and journalistic, creative and programming independence as enshrined in the Constitution.

(4) The Corporation must encourage the development of South African expression by providing, in South African official languages, a wide range of programming that—

*(a)* reflects South African attitudes, opinions, ideas, values and artistic creativity;

*(b)* displays South African talent in education and entertainment programmes;

*(c)* offers a plurality of views and a variety of news, information and analysis from a South African point of view;

*(d)* advances the national and public interest.

(5) *(a)* The Board must prepare and submit to the Authority not later than three months after the date of conversion, policies that will ensure compliance with the Authority's Code of Conduct as prescribed and with the Corporation's licence conditions and with the objectives contained in this Act, including:

(i) News editorial policy;

(ii) programming policy;

(iii) local content policy;

(iv) educational policy;

(v) universal service and access policy;

(vi) language policy; and

(vii) religious policy.

*(b)* The Corporation must notify the Authority in writing of any amendments to the policies referred to in paragraph *(a)* as soon as reasonably possible.

(6) The Board must ensure that there is public participation in the development of the policies referred to in subsection (5) by inviting and considering public comment on such draft policies and by other means.

(7) The Corporation must provide suitable means for regular inputs of public opinion on its services and ensure that such public opinion is given due consideration.

(8) The Corporation must develop a Code of Practice that ensures that the services and the personnel comply with—

*(a)* the constitutional principle of equality;

*(b)* the equitable treatment of all segments of the South African population;

*(c)* the constitutional requirement of equitable treatment of all official languages;

*(d)* the rights of all South Africans to receive and impart information and ideas;

*(e)* the mandate to provide for a wide range of audience interests, beliefs and perspectives; and

*(f)* a high standard of accuracy, fairness and impartiality in news and programmes that deal with matters of public interest.".

**Vervanging van artikel 6 van Wet 4 van 1999**

**6.** Artikel 6 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Stigtingsakte van Korporasie**

**6A.** (1) Die Korporasie moet aan die Stigtingsakte voldoen soos uiteengesit in hierdie deel.

(2) Die Owerheid moet voldoening aan die Stigtingsakte deur die Korporasie moniteer en afdwing.

(3) Ingevolge hierdie Stigtingsakte geniet die Korporasie, in navolging van sy doelwitte en in die uitoefening van sy bevoegdhede, vryheid van spraak en joernalistieke, kreatiewe en programmeringsonafhanklikheid soos vasgelê in die Grondwet.

(4) Die Korporasie moet die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse uitdrukking aanmoedig deur die voorsiening, in Suid-Afrikaanse amptelike tale, van 'n wye reeks van programmering wat—

*(a)* Suid-Afrikaanse denkwyses, menings, idees, waardes en kunsryke kreatiwiteit weerspieël;

*(b)* Suid-Afrikaanse talent in opvoeding- en vermaaklikheidsprogramme demonstreer;

*(c)* 'n meervoudigheid van beskouings en 'n verskeidenheid van nuus, inligting en ontledings vanuit 'n Suid-Afrikaanse gesigspunt aanbied;

*(d)* die nasionale en openbare belang bevorder.

(5) *(a)* Die Raad moet nie later nie as drie maande na die datum van omskepping, beleid voorberei en aan die Owerheid voorlê wat nakoming sal verseker van die Owerheid se Gedragskode soos voorgeskryf en van die Korporasie se lisensievoorwaardes en van die doelwitte vervat in hierdie Wet, insluitend:

(i) Nuus- redaksionele beleid;

(ii) programmeringsbeleid;

(iii) plaaslike-inhoudsbeleid;

(iv) opvoedkundige beleid;

(v) universele diens- en toegangsbeleid;

(vi) taalbeleid; en

(vii) godsdiensbeleid.

*(b)* Die Korporasie moet die Owerheid so gou redelik moontlik skriftelik in kennis stel van enige wysigings aan die beleid waarna verwys word in paragraaf *(a)*.

(6) Die Raad moet verseker dat daar openbare deelname is in die ontwikkeling van die beleid waarna in subartikel (5) verwys word deur die uitnodiging en die oorweging van openbare kommentaar op sodanige konsepbeleid en op ander wyses.

(7) Die Korporasie moet gepaste middele vir gereelde insette van openbare mening oor sy dienste voorsien en verseker dat sodanige openbare mening behoorlike oorweging geniet.

(8) Die Korporasie moet 'n Gedragspraktyk ontwikkel wat verseker dat die dienste en die personeel voldoen aan—

*(a)* die grondwetlike beginsel van gelykheid;

*(b)* die gelykwaardige behandeling van alle segmente van die Suid-Afrikaanse bevolking;

*(c)* die grondwetlike vereiste van gelykwaardige behandeling van al die amptelike tale;

*(d)* die regte van alle Suid-Afrikaners om inligting en idees te ontvang en te deel;

*(e)* die mandaat om voorsiening te maak vir 'n wye reeks gehoorbelange, -oortuigings en -perspektiewe; en

*(f)* 'n hoë standaard van akkuraatheid, billikheid en onpartydigheid in nuus en programme wat handel oor sake van openbare belang.".

**Repeal of section 7 of Act 4 of 1999**

**7.** Section 7 of the principal Act is hereby repealed.

**Amendment of section 8 of Act 4 of 1999**

**8.** Section 8 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* to be responsive to audience needs, including the needs of the deaf and the blind and account on how to meet those needs;".

**Insertion of section 8A in Act 4 of 1999**

**9.** The following section is hereby inserted after section 8 of the principal Act:

"**Conversion**

**8A.** (1) The old Corporation is, with effect from a date determined by the Minister by notice in the *Gazette*, which may be a date prior to the commencement of this Act, deemed to be a public company incorporated in terms of the Companies Act, to be known as the South African Broadcasting Corporation Limited.

(2) The Corporation must have a share capital as contemplated in section 19 of the Companies Act with the State as its sole shareholder with effect from the date of conversion.

(3) The Minister must determine the memorandum and articles of association of the Corporation and must submit these to the Registrar at least a week prior to the date of the notice contemplated in subsection (1).

(4) The Registrar must, on the date of the notice contemplated in subsection (1), register the memorandum and the articles of association of the Corporation in terms of section 63(1) of the Companies Act and issue a certificate of incorporation and a certificate to commence business to the Corporation, but no fees are payable in respect of such registration or issue.

(5) With effect from the date of conversion the Companies Act applies to the Corporation as if it had been incorporated in terms of the Companies Act on that date, save to the extent stipulated in this Act.

(6) Sections 32, 44, 54(2), 60, 63(2), 64, 65, 66, 172, 190 and 344*(b)* and *(d)* of the Companies Act do not apply to the Corporation.

(7) All references in this Act to the conversion of the old Corporation must be construed as references to the conversion of the old Corporation into a public company having a share capital and having been incorporated in terms of the Companies Act as stipulated in subsection (2).

(8) Neither the repeal of the Broadcasting Act, 1976 (Act No. 73 of 1976), nor the conversion of the old Corporation affects—

*(a)* the continued corporate existence of the old Corporation with separate legal personality as from the date of its first establishment;

*(b)* any of the rights, assets, liabilities or obligations acquired or incurred by the old Corporation or on behalf of the old Corporation at any time before its conversion;

*(c)* the terms and conditions of service and accrued benefits of its employees; or

*(d)* the validity of any act lawfully performed by or on behalf of the old Corporation prior to the date of conversion.

(9) With effect from the date of conversion—

*(a)* any reference to the old Corporation in any contract, statute, licence or other written instrument is deemed to be a reference to the Corporation;

**Herroeping van artikel 7 van Wet 4 van 1999**

**7.** Artikel 7 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Wysiging van artikel 8 van Wet 4 van 1999**

**8.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(e)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* om simpatiek te staan teenoor die gehoor se behoeftes, insluitend die behoeftes van dowes en blindes en om te bereken hoe om in daardie behoeftes te voldoen.".

**Invoeging van artikel 8A in Wet 4 van 1999**

**9.** Die volgende artikel word hierby ingevoeg na artikel 8 van die Hoofwet:

**"Omskepping**

**8A.** (1) Die ou Korporasie word, met ingang van 'n datum bepaal deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant*, wat 'n datum vroëer as die inwerkingtreding van hierdie Wet kan wees, geag 'n openbare maatskappy geïnkorporeer ingevolge die Maatskappywet te wees, wat bekend staan as die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie Beperk.

(2) Die Korporasie moet 'n aandelekapitaal hê soos beoog in artikel 19 van die Maatskappywet met die Staat as sy enigste aandeelhouer met ingang van die datum van omskepping.

(3) Die Minister moet die akte van oprigting en statute van die Korporasie bepaal en moet dit aan die Registrateur voorlê minstens 'n week voor die datum van die kennisgewing beoog in subartikel (1).

(4) Die Registrateur moet, op die datum van die kennisgewing beoog in subartikel (1), die akte van oprigting en statute van die Korporasie ingevolge artikel 63(1) van die Maatskappywet registreer en 'n sertifikaat van inkorporasie en 'n sertifikaat om besigheid te begin aan die Korporasie uitreik, maar geen gelde is betaalbaar ten opsigte van sodanige registrasie of uitreiking nie.

(5) Met ingang van die datum van omskepping, is die Maatskappywet van toepassing op die Korporasie asof dit op daardie datum geïnkorporeer is ingevolge die Maatskappywet, behalwe tot die mate bepaal in hierdie Wet.

(6) Artikels 32, 44, 54(2), 60, 63(2), 64, 65, 66, 172, 190 en 344*(b)* en *(d)* van die Maatskappywet is nie op die Korporasie van toepassing nie.

(7) Alle verwysings in hierdie Wet na die omskepping van die ou Korporasie moet uitgelê word as verwysings na die omskepping van die ou Korporasie in 'n openbare maatskappy wat 'n aandelekapitaal het en wat geïnkorporeer is ingevolge die Maatskappywet soos bepaal in subartikel (2).

(8) Nóg die herroeping van die Uitsaaiwet, 1976 (Wet No. 73 van 1976), nóg die omskepping van die ou Korporasie beïnvloed—

*(a)* die voortgesette korporatiewe bestaan van die ou Korporasie met afsonderlike regspersoonlikheid soos vanaf die datum van sy eerste stigting;

*(b)* enige van die regte, bates, laste of verpligtinge verkry of aangegaan deur die ou Korporasie of ten behoewe van die ou Korporasie te eniger tyd voor sy omskepping;

*(c)* die bedinge en diensvoorwaardes en opgelope voordele van sy werknemers; of

*(d)* die geldigheid van enige wettige handeling uitgevoer deur of ten behoewe van die ou Korporasie voor die datum van omskepping.

(9) Met ingang van die datum van omskepping—

*(a)* word enige verwysing na die ou Korporasie in enige kontrak, statuut, lisensie of ander geskrewe instrument geag 'n verwysing na die Korporasie te wees;

*(b)* (i) any reference to the old Corporation in the patents register, trade marks register, design register, deeds register or any other register in the Republic is, with effect from the date of conversion, deemed to be a reference to the Corporation;

(ii) the relevant registrar must make such entries or endorsements in any register referred to in paragraph (i) or other documents in the registrar's office or submitted to the registrar as are necessary to give effect to the conversion;

(iii) no fees or other levies are payable in respect of such entries or endorsements.

(10) Any legal proceedings instituted by or against the old Corporation prior to the date of conversion may, notwithstanding such conversion, be proceeded with by or against the Corporation subject to the law governing the prescription of claims.

(11) *(a)* The Minister of Finance, after consultation with the Minister, must determine the tax values of the assets owned by the Corporation as at the date of conversion for the purpose of calculating any wear and tear or capital allowance or any deduction as contemplated in the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962).

*(b)* The assets contemplated in paragraph *(a)* are for the purposes of sections 11*(e)*, 12C and 13 of the Income Tax Act, 1962 (Act No. 58 of 1962), deemed to have been brought into use for the first time at a cost equal to the value determined in terms of paragraph *(a)*.

(12) *(a)* The old Corporation must before the date of conversion conduct a legal and financial due diligence investigation into the state of its affairs for the purposes of identifying and establishing the status of all its assets, rights, obligations and liabilities.

*(b)* The old Corporation must submit to the Minister, by not later than three months prior to the date of conversion, a legal and a financial due diligence report containing details of all of such assets, rights, obligations and liabilities and the implications of the contracts concluded by or on behalf of the old Corporation in respect of such assets, rights, obligations and liabilities.

(13) The old Corporation must, after submitting the due diligence report to the Minister and before the date of conversion, submit to the Minister—

*(a)* an inventory of all its assets and liabilities;

*(b)* details of its financial policies relating to the allocation of such assets and liabilities between the public service division, the commercial service division and the shared group services of the Corporation; and

*(c)* details of its financial policies governing internal transfer pricing between the public service division, the commercial service division and the shared group services of the Corporation.

(14) The Minister must submit a copy of the inventory referred to in subsection 13*(a)* to the National Treasury and the Auditor-General.

(15) *(a)* Any use by the public service division or the commercial service division of any asset allocated to another division of the Corporation must be accounted for in the respective financial records of the public service division and commercial service division to ensure that such use took place on an arm's length commercial basis.

*(b)* Any service rendered by or to the public service division or the commercial service division to or by another division of the Corporation must be accounted for in the respective financial records of the public service division and commercial service division to ensure that such service was rendered on an arm's length commercial basis.".

(*b*) (i) word enige verwysing na die ou Korporasie in die patenteregister, handelsmerkregister, ontwerpregister, akteregister of enige ander register in die Republiek, met ingang van die datum van omskepping, geag 'n verwysing na die Korporasie te wees;

(ii) moet die betrokke registrateur sodanige inskrywings of endossemente maak in enige register waarna in paragraaf (i) verwys word of ander dokumente in die registrateur se kantoor of aan die registrateur voorgelê soos wat nodig is om gevolg te gee aan die omskepping;

(iii) is geen gelde of ander heffings betaalbaar ten opsigte van sodanige inskrywings of endossemente nie.

(10) Enige wetlike verrigtinge ingestel deur of teen die ou Korporasie voor die datum van omskepping kan, ondanks sodanige omskepping, mee voortgegaan word deur of teen die Korporasie onderworpe aan die wet wat die verjaring van eise beheer.

(11) (*a*) Die Minister van Finansies, na oorlegpleging met die Minister, moet die belastingwaardes van die bates wat die Korporasie besit soos op die datum van omskepping bepaal met die doel om enige slytasie of kapitale toeslag of enige aftrekking soos beoog in die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), te bereken.

(*b*) Die bates beoog in paragraaf (*a*) word vir die doeleindes van artikels 11(*e*), 12C en 13 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), geag vir die eerste keer in gebruik geneem te gewees het teen 'n koste gelyk aan die waarde bepaal ingevolge paragraaf (*a*).

(12) (*a*) Die ou Korporasie moet voor die datum van omskepping 'n geregtelike en finansiële gepaste-ywerondersoek instel na die toedrag van sy sake vir die doeleindes van identifisering en vasstelling van die status van al sy bates, regte, verpligtinge en laste.

(*b*) Die ou Korporasie moet, nie later nie as drie maande voor die datum van omskepping, 'n geregtelike en finansiële gepaste-ywerverslag wat besonderhede bevat van alle sodanige bates, regte, verpligtinge en laste en die implikasies van die kontrakte gesluit deur of ten behoewe van die ou Korporasie ten opsigte van sodanige bates, regte, verpligtinge en laste, aan die Minister voorlê.

(13) Die ou Korporasie moet, nadat die gepaste-ywerverslag aan die Minister voorgelê is en voor die datum van omskepping, aan die Minister—

(*a*) 'n inventaris van al sy bates en laste voorlê;

(*b*) besonderhede voorlê van sy finansiële beleid met betrekking tot die toewysing van sodanige bates en laste tussen die openbarediensafdeling, die kommersiëlediensafdeling en die gesamentlike groepdienste van die Korporasie; en

(*c*) besonderhede voorlê van sy finansiële beleid wat interne-oorplaasprysbepaling tussen die openbarediensafdeling, die kommersiëlediensafdeling en die gesamentlike groepdienste van die Korporasie beheer.

(14) Die Minister moet 'n afskrif van die inventaris waarna in subartikel (13)(*a*) verwys word, aan die Nasionale Tesourie en die Ouditeur-generaal voorlê.

(15) (*a*) Enige gebruik deur die openbarediensafdeling of die kommersiëlediensafdeling van enige bate toegewys aan 'n ander afdeling van die Korporasie moet verantwoord word in die onderskeie finansiële rekords van die openbarediensafdeling en kommersiëlediensafdeling om te verseker dat sodanige gebruik plaasgevind het op 'n armlengte-kommersiële basis.

(*b*) Enige diens gelewer deur of aan die openbarediensafdeling of die kommersiëlediensafdeling aan of deur 'n ander afdeling of die Korporasie, moet verantwoord word in die onderskeie finansiële rekords van die openbarediensafdeling en kommersiëlediensafdeling om te verseker dat sodanige diens gelewer is op 'n armlengte- kommersiële basis.".

**Substitution of section 9 of Act 4 of 1999**

**10.** The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

"(1) The Corporation **[consists]** <u>must consist</u> of two separate operational **[entities]** <u>divisions</u>, namely—

*(a)* a public service <u>division</u>; and

*(b)* a commercial service <u>division</u>.

(2) The public and commercial **[services of the Corporation]** <u>service divisions</u> must be separately administered <u>and a separate set of financial records and accounts are to be kept in respect of each such division</u>.".

**Amendment of section 10 of Act 4 of 1999**

**11.** Section 10 of the principal Act is hereby amended by—

*(a)* the substitution in subsection (1) for paragraph *(e)* of the following paragraph:

"*(e)* include significant amounts of educational programming, both curriculum-based and informal educative topics from a wide range of social, political and economic issues, including, but not limited to, human rights, health, early childhood development, agriculture, culture, <u>religion</u>, justice and commerce and contributing to a shared South African consciousness and identity;"; and

*(b)* the addition of the following subsections:

"<u>(3) The old Corporation shall, by no later than three months prior to the date of conversion, submit to the Minister for approval—</u>

<u>*(a)* a proposed budget in respect of the public service division listing revenue, expenditure, borrowings and appropriation of funds for the financial year following the date of conversion; and</u>

<u>*(b)* a three year business plan containing details of operational plans, marketing and financial plans and policies prepared in compliance with the objectives of the public service of the Corporation and in compliance with the general objectives of this Act covering the public service obligation of the Corporation in respect of the conduct of the business of the public service division for the three financial years following the date of conversion.</u>

<u>(4) The Board must—</u>

<u>*(a)* keep proper and accurate books and records of the financial affairs of the public service division separately from those of the commercial service division;</u>

<u>*(b)* procure in addition to the annual financial statements of the Corporation drawn up in terms of section 20, audited annual financial statements prepared in respect of the public service division in accordance with generally accepted accounting practice separately from those in respect of the commercial service division; and</u>

<u>*(c)* submit to the Minister within four months after the end of the financial year of the Corporation—</u>

<u>(i) an annual written report on the activities of the public service division during the financial year of the Corporation preceding the date of the report;</u>

<u>(ii) the financial statements of the public service division for the preceding financial year of the Corporation in question after the statements have been audited by the auditors of the Corporation; and</u>

<u>(iii) the report of the auditors on the financial statements of the public service division for the financial year of the Corporation</u>.".

**Amendment of section 11 of Act 4 of 1999**

**12.** Section 11 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsections, the existing section becoming subsection (1):

**Vervanging van artikel 9 van Wet 4 van 1999**

**10.** Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

"(1) Die Korporasie **[bestaan]** moet uit twee afsonderlike **[bedryfsentiteite]** operasionele afdelings bestaan, naamlik—

*(a)* 'n afdeling openbare diens; en

*(b)* 'n afdeling kommersiële diens.

(2) Die afdelings openbare en kommersiële **[dienste van die Korporasie]** diens moet afsonderlik geadministreer word, en 'n afsonderlike stel finansiële rekords en rekeninge moet ten opsigte van elke afdeling gehou word.".

**Wysiging van artikel 10 van Wet 4 van 1999**

**11.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(e)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(e)* 'n beduidende hoeveelheid opvoedkundige programme aanbied, sowel leerplan-gebaseer as informele opvoedkundige onderwerpe uit 'n wye reeks sosiale, politieke en ekonomiese sake, wat menseregte, gesondheid, vroeë kinderontwikkeling, landbou, kultuur, godsdiens, justisie en die handel insluit maar nie daartoe beperk is nie, en tot 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse bewustheid en identiteit bydra;"; en

*(b)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(3) Die ou Korporasie moet, nie later nie as drie maande voor die datum van omskakeling, aan die Minister vir goedkeuring voorlê—

*(a)* 'n voorgestelde begroting ten opsigte van die openbare-diensafdeling wat inkomste, uitgawe, lenings en bewilliging van fondse aandui vir die boekjaar wat volg op die datum van omskepping; en

*(b)* 'n driejaar-besigheidsplan wat besonderhede bevat van operasionele planne, bemarkings- en finansiële planne en beleid wat opgestel is ter nakoming van die doelwitte van die openbare diens van die Korporasie en ter nakoming van die algemene doelwitte van hierdie Wet wat die openbarediensverpligtinge van die Korporasie dek ten opsigte van die bedryf van die besigheid van die afdeling openbare diens vir die drie boekjare wat op die datum van omskepping volg.

(4) Die Raad moet—

*(a)* behoorlike en akkurate boeke en rekords hou van die finansiële sake van die openbarediensafdeling, afsonderlik van dié van die kommersiëlediensafdeling;

*(b)* bykomend tot die jaarlikse finansiële state van die Korporasie wat ingevolge artikel 20 opgestel word, geouditeerde jaarlikse finansiële state verkry wat ten opsigte van die openbarediens-afdeling in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk voorberei word afsonderlik van dié ten opsigte van die kommersiëlediensafdeling; en

*(c)* binne vier maande na die einde van die Korporasie se boekjaar—

(i) 'n geskrewe jaarverslag oor die werksaamhede van die openbarediensafdeling gedurende die Korporasie se boekjaar wat die datum van die verslag voorafgaan;

(ii) die finansiële state van die openbarediensafdeling vir die betrokke voorafgaande boekjaar van die Korporasie nadat die state deur die Korporasie se ouditeurs geouditeer is; en

(iii) die ouditeurs se verslag oor die finansiële state van die openbarediensafdeling vir die boekjaar van die Korporasie,

aan die Minister voorlê.".

**Wysiging van artikel 11 van Wet 4 van 1999**

**12.** Artikel 11 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) word:

"(2) The Corporation must, by not later than a date three months prior to the date of conversion, submit to the Minister for approval—

*(a)* a proposed budget in respect of the commercial service division listing revenue, expenditure, borrowings and appropriation of funds for the financial year following the date of conversion; and

*(b)* a three-year business plan containing details of operational plans, marketing and financial plans and policies prepared in compliance with the objectives of the commercial service of the Corporation and in compliance with the general objectives of this Act covering the commercial service obligation of the Corporation in respect of the conduct of business of the commercial service division for the three financial years following the date of conversion.

(3) The Board must—

*(a)* keep proper and accurate books and records of the financial affairs of the commercial service division separately from those of the public service division;

*(b)* procure in addition to the annual financial statements of the Corporation drawn up in terms of section 20, audited annual financial statements prepared in respect of the commercial service division in accordance with generally accepted accounting practice separately from those in respect of the public service division; and

*(c)* submit to the Minister within four months after the end of the financial year of the Corporation—

(i) an annual written report on the activities of the commercial service division during the financial year of the Corporation preceding the date of the report;

(ii) the financial statements of the commercial service division for the preceding financial year of the Corporation in question after the statements have been audited by the auditors of the Corporation; and

(iii) the report of the auditors on the financial statements of the commercial service division for the financial year of the Corporation.".

**Amendment of section 12 of Act 4 of 1999**

**13.** Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs *(b)* and *(c)* of the following paragraph:

"*(b)* the Group Chief Executive Officer, the Chief Operations Officer and the Chief Financial Officer or their equivalents, who are the executive members of the Board.".

**Amendment of section 13 of Act 4 of 1999**

**14.** Section 13 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (9) of the following subsection:

"(9) The Board of the old Corporation as constituted on the date of conversion constitutes the first Board of the Corporation."; and

*(b)* by the addition of the following subsections:

"(12) The Board—

*(a)* must establish a public service subcommittee and a commercial service subcommittee—

(i) to report to the Board on the extent to which the public service division and the commercial service division have achieved their objectives during the relevant period; and

(ii) to perform such other functions regarding the organisation of the Corporation into the public service division and the commercial service division, respectively, as may be delegated to them by the Board; and

*(b)* may establish such other subcommittees as it deems appropriate from time to time.

(13) The Board is the accounting authority of the Corporation.".

"(2) Die Korporasie moet, teen nie later nie as 'n datum drie maande voor die datum van omskepping—

*(a)* 'n voorgestelde begroting ten opsigte van die kommersiëlediensafdeling wat die inkomste, uitgawe, lenings en bewilliging van fondse aandui vir die boekjaar wat volg op die datum van omskepping; en

*(b)* 'n driejaar-besigheidsplan wat besonderhede bevat van operasionele planne, bemarkings- en finansiële planne en beleid wat opgestel is ter nakoming van die doelwitte van die kommersiële diens van die Korporasie en ter nakoming van die algemene doelwitte van hierdie Wet wat die kommersiëlediensverpligtinge van die Korporasie dek ten opsigte van die bedryf van die besigheid van die kommersiëlediensafdeling vir die drie boekjare wat op die datum van omskepping volg,

vir goedkeuring aan die Minister voorlê.

(3) Die Raad moet—

*(a)* behoorlike en akkurate boeke en rekords van die finansiële sake van die kommersiëlediensafdeling hou, afsonderlik van dié van die afdeling openbare diens;

*(b)* bykomend tot die jaarlikse finansiële state van die Korporasie wat ingevolge artikel 20 opgestel word, geouditeerde jaarlikse finansiële state verkry wat ten opsigte van die kommersiëlediensafdeling in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk voorberei word afsonderlik van dié ten opsigte van die openbarediensafdeling; en

*(c)* binne vier maande na die einde van die Korporasie se boekjaar—

(i) 'n geskrewe jaarverslag oor die werksaamhede van die kommersiëlediensafdeling gedurende die Korporasie se boekjaar wat die datum van die verslag voorafgaan;

(ii) die finansiële state van die kommersiëlediensafdeling vir die betrokke voorafgaande boekjaar van die Korporasie nadat die state deur die Korporasie se ouditeurs geouditeer is; en

(iii) die ouditeurs se verslag oor die finansiële state van die kommersiëlediensafdeling vir die boekjaar van die Korporasie,

aan die Minister voorlê.".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 4 van 1999**

**13.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe *(b)* en *(c)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* die Groep- Hoof- Uitvoerende Beampte, die Hoof- Operasionele Beampte en die Hoof- Finansiële Beampte of hulle ekwivalente, wat die uitvoerende lede van die Raad is.".

**Wysiging van artikel 13 van Wet 4 van 1999**

**14.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (9) deur die volgende subartikel te vervang:

"(9) Die Raad van die ou Korporasie soos saamgestel op die dag van omskepping vorm die eerste Raad van die Korporasie."; en

*(b)* deur die byvoeging van die volgende subartikels:

"(12) Die Raad—

*(a)* moet 'n openbarediens-subkomitee en 'n kommersiëlediens-subkomitee instel—

(i) om aan die Raad te rapporteer oor die mate waarin die openbarediensafdeling en die kommersiëlediensafdeling hulle doelwitte gedurende die betrokke tydperk bereik het; en

(ii) om sodanige ander werksaamhede met betrekking tot die organisasie van die Korporasie in onderskeidelik die openbarediensafdeling en die kommersiëlediensafdeling te verrig wat die Raad aan hulle kan delegeer; en

*(b)* kan sodanige ander subkomitees instel as wat hy van tyd tot tyd as toepaslik ag.

(13) Die Raad is die rekenpligtige owerheid van die Korporasie.".

**Substitution of section 14 of Act 4 of 1999**

**15.** The following section is hereby substituted for section 14 of the principal Act:

"**Executive committee**

**14.** (1) The affairs of the Corporation are administered by an executive committee consisting of the Group Chief Executive Officer, Chief Operating Officer, Chief Financial Officer and **[six]** no more than 11 other members **[appointed by the Board]**.

**[(2) The Group Chief Executive Officer will be the accounting officer of the Corporation.**

**(3)]** (2) The executive committee is accountable to the Board.

**[(4)]** (3) The executive committee **[will]** must perform such functions as may be determined by the Board.".

**Repeal of section 19 of Act 4 of 1999**

**16.** Section 19 of the principal Act is hereby repealed.

**Substitution of section 22 of Act 4 of 1999**

**17.** The following section is hereby substituted for section 22 of the principal Act:

"**Amendment of broadcasting licences**

**22.** (1) The Corporation must, within six months after the date of commencement of the Broadcasting Amendment Act, 2002, or the conversion date, whichever is the later, apply to the Authority for such amendments to its existing licences as are necessary in order to reflect the reorganisation of the Corporation into the public service division and the commercial service division and its related obligations in terms of this Act and the IBA Act.

(2) The relevant provisions of the IBA Act apply with the necessary changes to the applications referred to in subsection (1) but, irrespective of the contents of the application of the Corporation, the Authority may impose any appropriate licence conditions which are necessary in order to reflect the reorganisation of the Corporation into the public service division and the commercial service division and its related obligations in terms of this Act and the IBA Act.".

**Insertion of section 22A in Act 4 of 1999**

**18.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 22:

"**Regional television services**

**22A.** (1) In the performance of its public service mandate under section 10(1)*(a)* and *(b)*, the Corporation must, within nine months of the commencement of the Broadcasting Amendment Act, 2002, apply to the Authority in terms of section 41(4) of the IBA Act, read with section 45(2) of that Act, to license it to provide additional television services which broadcast—

*(a)* regionally;

*(b)* in such official languages as are appropriate, having regard to language usage within respective regions served by the proposed services;

*(c)* so as to ensure that between these regional services, broadcasting in the languages of Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, TshiVenda, Xitsonga, Afrikaans, isiNdebele, isiXhosa and isiZulu is provided on an equitable basis.

**Vervanging van artikel 14 van Wet 4 van 1999**

**15.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Uitvoerende Komitee**

**14.** (1) Die sake van die Korporasie word geadministreer deur 'n uitvoerende komitee bestaande uit die Groep- Hoof- Uitvoerende Beampte, Hoof-Bedryfsbeampte, Hoof- Finansiële Beampte en **[ses]** nie meer as 11 ander lede **[aangestel deur die Raad]** nie.

**[(2) Die Groep- Hoof- Uitvoerende Beampte sal die rekenpligtige beampte van die Korporasie wees.**

**(3)]** (2) Die uitvoerende komitee is verantwoordbaar aan die Raad.

**[(4)]** (3) Die uitvoerende komitee **[verrig die]** moet sodanige funksies verrig wat deur die Raad bepaal mag word.".

**Herroeping van artikel 19 van Wet 4 van 1999**

**16.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby herroep.

**Vervanging van artikel 22 van Wet 4 van 1999**

**17.** Artikel 22 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Wysiging van uitsaailisensies**

**22.** (1) Die Korporasie moet, binne ses maande na die datum van inwerkingtreding van die Uitsaaiwysigingswet, 2002, of die omskeppingsdatum, welke ook al die laatste is, by die Owerheid aansoek doen om sodanige wysigings aan sy bestaande lisensies as wat nodig is ten einde die reorganisasie van die Korporasie in die openbarediensafdeling en die kommersiëlediensafdeling en sy verwante verpligtinge ingevolge hierdie Wet en die OUO-wet te weerspieël.

(2) Die betrokke bepalings van die OUO-wet is, met die nodige veranderinge, van toepassing op aansoeke waarna in subartikel (1) verwys word maar, ongeag die inhoud van die aansoek van die Korporasie, kan die Owerheid enige toepaslike lisensievoorwaardes oplê wat nodig is om die reorganisasie van die Korporasie in die openbarediensafdeling en die kommersiëlediensafdeling en sy verwante verpligtinge ingevolge hierdie Wet en die OUO-wet te weerspieël.".

**Invoeging van artikel 22A in Wet 4 van 1999**

**18.** Die volgende artikel word hierby na artikel 22 in die Hoofwet ingevoeg:

**"Streektelevisiedienste**

**22A.** (1) In die uitoefening van sy openbarediensmandaat kragtens artikel 10(1)*(a)* en *(b)* moet die Korporasie, binne nege maande vanaf die inwerkingtreding van die Uitsaaiwysigingswet, 2002, ingevolge artikel 41(4) van die OUO-wet, saamgelees met artikel 45(2) van daardie Wet, by die Owerheid aansoek doen om dit te lisensieer om bykomende televisiedienste te voorsien wat—

*(a)* streekgewys uitsaai;

*(b)* in sodanige amptelike tale as wat toepaslik is, met inagneming van die taalgebruik binne onderskeie streke wat deur die voorgestelde dienste bedien word, uitsaai;

*(c)* verseker dat tussen hierdie streekdienste, uitsaai in die tale van SePedi, SeSotho, SeTswana, siSwati, TshiVenda, XiTsonga, Afrikaans, IsiNdebele, isiXhosa en isiZulu op 'n gelykwaardige grondslag geskied.

(2) The regional services provided by the Corporation must be funded by money appropriated by Parliament and may draw revenues from grants, donations and sponsorship.

(3) The Authority must determine the extent to which these services may draw revenues from advertising.

(4) The Corporation must draw up proper financial regulations for these services consistent with section 18.".

**Amendment of section 24 of Act 4 of 1999**

**19.** Section 24 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(4) The Board must ensure that the Corporation complies with the Public Finance Management Act in relation to accounting procedures by public entities.".

**Amendment of section 25 of Act 4 of 1999**

**20.** Section 25 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) In addition to the annual financial statements to be prepared in terms of the Companies Act and also in terms of the Public Finance Management Act the Corporation must cause its books and accounts to be audited annually by a person registered as an accountant and auditor under the Public Accountants' and Auditors' Act, 1991 (Act No. 80 of 1991), and appointed as auditor of the Corporation.".

**Amendment of section 26 of Act 4 of 1999**

**21.** Section 26 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsections (3), (4), (5), (6) and (7).

**Substitution of section 27 of Act 4 of 1999**

**22.** The following section is hereby substituted for section 27 of the principal Act:

**"Television licences**

**27.** (1) *(a)* No person may use any television set unless such person is in possession of—

(i) a television licence issued by the Corporation against payment of the prescribed fee for each television set so used, unless exempted by regulation; or

(ii) a written exemption pursuant to the regulations; or

(iii) written confirmation, issued by the lessor of the television set in question that such person is a person to whom that television set has been rented, or otherwise made available in accordance with this Act.

*(b)* No business, dealer or lessor may use any television set unless—

(i) such business, dealer or lessor is in possession of a television licence issued against payment of a prescribed fee in terms of this Act for each television set so used, unless exempted by regulation;

(ii) such television set is used in accordance with such licence; and

(iii) such business, dealer or lessor is able to produce such licence on demand.

*(c)* A user who is required to be in possession of a television licence must possess all the categories of television licences as prescribed, which pertain to such use.

(2) Die streekdienste wat deur die Korporasie voorsien word, moet befonds word met geld deur die Parlement toegewys en mag inkomste trek uit bewilligings, skenkings en borgskap.

(3) Die Owerheid moet die mate bepaal waarin hierdie dienste inkomste uit advertensies mag trek.

(4) Die Korporasie moet behoorlike finansiële regulasies in ooreenstemming met artikel 18 vir hierdie dienste opstel.".

**Wysiging van artikel 24 van Wet 4 van 1999**

**19.** Artikel 24 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg.

"(4) Die Raad moet verseker dat die Korporasie voldoen aan die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur met betrekking tot die rekenkundige prosedure van openbare entiteite.".

**Wysiging van artikel 25 van Wet 4 van 1999**

**20.** Artikel 25 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Benewens die finansiële jaarstate wat ingevolge die Maatskappywet opgestel moet word en ook ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, moet die Korporasie sy boeke en rekeninge jaarliks laat ouditeer deur 'n persoon wat kragtens die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1991 (Wet No. 80 van 1991), as 'n rekenmeester en ouditeur geregistreer is en as ouditeur van die Korporasie aangestel is.".

**Wysiging van artikel 26 van Wet 4 van 1999**

**21.** Artikel 26 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die skrapping van subartikels (3), (4), (5), (6) en (7).

**Vervanging van artikel 27 van Wet 4 van 1999**

**22.** Artikel 27 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

**"Televisielisensies**

**27.** (1)*(a)* Geen persoon mag 'n televisiestel gebruik nie tensy daardie persoon in besit is van—

(i) 'n televisielisensie uitgereik deur die Korporasie teen betaling van die voorgeskrewe geld vir elke televisiestel aldus gebruik, tensy deur regulasie vrygestel; of

(ii) 'n skriftelike vrystelling kragtens die regulasies; of

(iii) skriftelike bevestiging, uitgereik deur die verhuurder van die betrokke televisiestel, dat sodanige persoon 'n persoon is aan wie daardie televisiestel verhuur is, of andersins in ooreenstemming met hierdie Wet beskikbaar gestel is.

*(b)* Geen besigheid, handelaar of verhuurder mag enige televisiestel gebruik nie tensy—

(i) sodanige besigheid, handelaar of verhuurder in besit is van 'n televisielisensie uitgereik teenoor betaling van 'n voorgeskrewe bedrag ingevolge hierdie Wet vir elke televisiestel aldus gebruik, tensy vrygestel deur regulasie;

(ii) sodanige televisiestel in ooreenstemming met sodanige lisensie gebruik word; en

(iii) sodanige besigheid, handelaar of verhuurder in staat is om sodanige lisensie op aanvraag te toon.

*(c)* 'n Gebruiker van wie vereis word om in besit te wees van 'n televisielisensie, moet in besit wees van al die kategorieë televisielisensies soos voorgeskryf, wat betrekking het op sodanige gebruik.

(2) Subsection (1) does not apply to a person who manufactures or repairs television sets, or who acts in the execution of his or her duties in the service of such a person, in so far as he or she uses any television set manufactured or repaired by him or her, in or on the premises where it was manufactured or repaired or on any other premises approved by the Corporation, for the purposes of testing such a television set.

(3) Any person who contravenes subsection (1) is, in addition to payment of the prescribed licence fee, liable—

*(a)* to pay to the Corporation by way of a penalty an amount equal to double the amount of the applicable prescribed licence fee; or

*(b)* in the event of a user proving that he or she had used the television set for a period of less than one year, to pay to the Corporation, by way of a penalty, in respect of every month or part of a month during which such a person had failed to take out such television licence, an amount equal to 10% of the applicable prescribed television licence fee: Provided that the total amount of the penalty may not exceed the amount of such television licence fee, unless otherwise prescribed.

(4) A dealer who sells or alienates a television set to a person who is not in possession of a television licence and who is not exempted from the obligation to be in possession of a television licence, is liable to pay a penalty of R3 000 or such higher amount as may be prescribed, but such penalty may not exceed R10 000 in respect of each television set sold or alienated to such person.

(5) Notwithstanding subsections (3) and (4), any person who—

*(a)* contravenes or fails to comply with any provision of this section or any regulations pertaining to television licence matters; or

*(b)* after an authorised inspector, referred to in subsection (6), has produced his or her written authority to such person fails, without good reason, to comply with any lawful demand made by that authorised inspector,

is guilty of an offence in relation to each television set in respect of which the offence is committed and is liable upon conviction to a fine not exceeding R500 in relation to each such offence or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

(6) *(a)* The Corporation may appoint any person as an authorised inspector.

*(b)* An authorised inspector may—

(i) require a person who is required in terms of subsection (1) to be in possession of a television licence to produce such television licence for inspection;

(ii) require a person who uses a television set, or a person who is the owner or occupier of any premises on which a television set is used, to produce such television set for examination, in order to determine whether the provisions of this Act have been complied with;

(iii) require a person who uses a television set to furnish his or her identity document or licence registration number, whichever is applicable;

(iv) require a person who uses a television set, or a person who is the owner or occupier of any premises on which a television set is used, to furnish such information as may be prescribed or necessary in order to determine whether this Act has been complied with;

(v) require a business, dealer or lessor to produce records relating to transactions involving television sets for inspection, and make extracts therefrom or copies thereof;

(vi) enter upon any land, in so far as this may be necessary, in order to exercise a power conferred on him or her by this Act: Provided that entry may not be gained to a residence after dark without a warrant or the occupier's permission.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op 'n persoon wat televisiestelle vervaardig of herstel, of wat in die uitvoering van sy of haar pligte in die diens van sodanige persoon optree, insoverre hy of sy enige televisiestel gebruik wat deur hom of haar vervaardig of herstel is, in of op die perseel waar dit vervaardig of herstel is of op enige ander perseel goedgekeur deur die Korporasie vir doeleindes van die toetsing van so 'n televisiestel.

(3) Enige persoon wat subartikel (1) oortree, is, bykomend tot die betaling van die voorgeskrewe lisensiegeld, aanspreeklik—

*(a)* vir betaling aan die Korporasie, by wyse van 'n boete, van 'n bedrag gelyk aan dubbel die bedrag van die toepaslike voorgeskrewe lisensiegeld; of

*(b)* in die geval van 'n gebruiker wat bewys dat hy of sy die televisiestel vir 'n tydperk van minder as een jaar gebruik het, om die Korporasie, by wyse van 'n boete, ten opsigte van elke maand of gedeelte van 'n maand waartydens sodanige persoon versuim het om sodanige televisielisensie uit te neem, 'n bedrag te betaal gelykstaande aan 10% van die toepaslike voorgeskrewe televisielisensiegeld: Met dien verstande dat die totale bedrag van die boete nie die bedrag van sodanige televisielisensiegeld mag oorskry nie, tensy andersins voorgeskryf.

(4) 'n Handelaar wat 'n televisiestel verkoop of vervreem aan 'n persoon wat nie in besit is van 'n televisielisensie nie en wat nie vrygestel is van die verpligting om in besit te wees van 'n televisielisensie nie, is aanspreeklik om 'n boete van R3 000 of sodanige hoër bedrag as wat die Minister kan voorskryf, te betaal, maar sodanige boete mag nie R10 000 ten opsigte van elke televisiestel verkoop of vervreem aan sodanige persoon oorskry nie.

(5) Ondanks subartikels (3) en (4), is enige persoon wat—

*(a)* enige bepaling van hierdie artikel of enige regulasies met betrekking tot televisielisensie-aangeleenthede oortree of versuim om daaraan te voldoen; of

*(b)* nadat 'n gemagtigde inspekteur waarna in subartikel (6) verwys word, sy of haar skriftelike magtiging aan sodanige persoon getoon het, sonder goeie rede versuim om te voldoen aan enige wettige eis deur daardie gemagtigde inspekteur,

skuldig aan 'n oortreding met betrekking tot elke televisiestel ten opsigte waarvan die oortreding gepleeg word en by skuldigbevinding aanspreeklik vir 'n boete wat nie R500 oorskry nie met betrekking tot elke sodanige oortreding of gevangenisstraf wat nie 'n tydperk van ses maande oorskry nie of tot beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

(6)*(a)* Die Korporasie mag enige persoon as 'n gemagtigde inspekteur aanstel.

*(b)* 'n Gemagtigde inspekteur mag—

(i) vereis dat 'n persoon van wie vereis word om ingevolge subartikel (1) in besit van 'n televisielisensie te wees, sodanige televisielisensie vir inspeksie toon;

(ii) vereis dat 'n persoon wat 'n televisiestel gebruik, of 'n persoon wat die eienaar of bewoner van enige perseel is waarop 'n televisiestel gebruik word, sodanige televisiestel vir ondersoek toon ten einde te bepaal of aan die bepalings van hierdie Wet voldoen is;

(iii) vereis dat 'n persoon wat 'n televisiestel gebruik sy of haar identiteitsdokument of lisensieregistrasienommer verstrek, wat ook al van toepassing is;

(iv) vereis dat 'n persoon wat 'n televisiestel gebruik, of 'n persoon wat die eienaar of bewoner van enige perseel is waarop 'n televisiestel gebruik word, sodanige inligting as wat voorgeskryf mag word of nodig is om te bepaal of aan hierdie Wet voldoen word, verstrek;

(v) vereis dat 'n besigheid, handelaar of verhuurder rekords met betrekking tot transaksies rakende televisiestelle vir inspeksie toon en uittreksels of afskrifte daarvan maak;

(vi) enige grond betree, vir sover dit nodig mag wees, ten einde 'n bevoegdheid aan hom of haar deur hierdie Wet verleen, uit te oefen: Met dien verstande dat toegang tot 'n woning nie na donker verkry mag word sonder 'n lasbrief of die bewoner se toestemming nie.

(7) A television licence is not transferable, save as may be prescribed.

(8) All television licence fees collected by the Corporation must be used by the Corporation solely for the public service to be provided by the Corporation.

(9) To enable the Corporation to establish and maintain a national database register listing all sales of new television sets in the Republic, dealers, lessors and businesses must provide the Corporation with all information prescribed in respect of sales of new television sets.".

**Amendment of section 28 of Act 4 of 1999**

**23.** Section 28 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) The Board must ensure that the Corporation complies with the provisions of the Public Finance Management Act relating to the preparation and submission of annual reports by public entities.".

**Amendment of section 30 of Act 4 of 1999**

**24.** Section 30 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* reflect the culture, character, religion, needs and aspirations of the people in the regions that they are licensed to serve subject to licence conditions;"; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(8) A subscription broadcasting service must contribute to South African television and music content in terms of regulations prescribed by the Authority.".

**Amendment of section 31 of Act 4 of 1999**

**25.** Section 31 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion of subsection (1);

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) The Authority must as soon as reasonably possible conduct a licensing process **[immediately if it finds that the provision of additional subscription television services is feasible]** for licences classified under section 5(2)*(c)*, *(d)* and *(f)*."; and

*(c)* by the addition of the following subsections:

"(3) Pursuant to an inquiry in terms of section 28 of the IBA Act, the Authority must issue recommendations as to whether sections 49 and 50 of the IBA Act are applicable to broadcasting services carrying more than one channel and the extent and terms upon which such sections must apply.

(4) Sections 49 and 50 of the IBA Act must not apply to such broadcasting services until the Authority has issued such a recommendation and that recommendation has been submitted to the Minister for tabling in the National Assembly, and has been adopted by the National Assembly.".

**Amendment of section 33 of Act 4 of 1999**

**26.** Section 33 of the principal Act is hereby amended by the deletion of subsections (2) and (3).

(7) 'n Televisielisensie is nie oordraagbaar nie, behalwe soos voorgeskryf mag wees.

(8) Alle televisielisensiegelde wat deur die Korporasie ingevorder word, moet deur die Korporasie gebruik word slegs vir die openbare diens wat, soos bepaal, deur die Korporasie verskaf moet word.

(9) Om die Korporasie in staat te stel om 'n nasionale databasisregister waarop alle verkope van nuwe televisiestelle in die Republiek gelys word, in te stel en by te hou, moet handelaars, verhuurders en besighede die Korporasie voorsien van al die inligting voorgeskryf ten opsigte van die verkoop van nuwe televisiestelle.".

**Wysiging van artikel 28 van Wet 4 van 1999**

**23.** Artikel 28 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Die Raad moet verseker dat die Korporasie voldoen aan die bepalings van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur met betrekking tot die voorbereiding en voorlegging van jaarverslae deur openbare entiteite.".

**Wysiging van artikel 30 van Wet 4 van 1999**

**24.** Artikel 30 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* die kultuur, aard, godsdiens, behoeftes en aspirasies van die mense in die streke wat hulle gelisensieer is om te bedien, onderhewig aan lisensievoorwaardes, weerspieël;"; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(8) 'n Subskripsie-uitsaaidiens moet bydra tot Suid-Afrikaanse televisie- en musiekinhoud ingevolge regulasies voorgeskryf deur die Owerheid.".

**Wysiging van artikel 31 van Wet 4 van 1999**

**25.** Artikel 31 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) te skrap;

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Die Owerheid moet **[onmiddellik]** so gou as wat redelik moontlik is 'n lisensiëringsproses onderneem **[indien hy bevind dat die voorsiening van addisionele subskripsie-televisiedienste haalbaar is]** vir lisensies wat kragtens artikel 5(2)*(c)*, *(d)* en *(f)* geklassifiseer is."; en

*(c)* deur die volgende subartikels by te voeg:

"(3) Ooreenkomstig 'n ondersoek ingevolge artikel 28 van die OUO-wet, moet die Owerheid aanbevelings doen oor of artikels 49 en 50 van die OUO-wet van toepassing is op uitsaaidienste wat meer as een kanaal dra en die mate waarin en die bedinge waarvolgens sodanige artikels moet geld.

(4) Artikels 49 en 50 van die OUO-wet moet nie op sodanige uitsaaidienste toegepas word nie totdat die Owerheid sodanige aanbeveling uitgereik het en daardie aanbeveling aan die Minister vir tertafellegging in die Nasionale Vergadering voorgelê is en dit deur die Nasionale Vergadering aanvaar is.".

**Wysiging van artikel 33 van Wet 4 van 1999**

**26.** Artikel 33 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die skrapping van subartikels (2) en (3).

**Amendment of section 34 of Act 4 of 1999**

**27.** Section 34 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the addition to subsection (2) of the following paragraph:

"*(g)* the provision of efficient delivery of programming using the most effective technologies available at reasonable cost."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(4) *(a)* Any person who immediately before the commencement of this Act, provides a broadcasting signal distribution service without a broadcasting signal distribution licence is deemed to have permission to provide such service if such person applies to the Authority for the licence within six months after the commencement of the Broadcasting Amendment Act, 2002.

*(b)* The permission remains until the Authority has refused the licence or, in the event of a decision to grant the application, has issued the licence.".

**Amendment of section 35 of Act 4 of 1999**

**28.** Section 35 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Multi-channel distributors must hold a **[separate class of]** licence issued by the Authority.".

**Amendment of section 40 of Act 4 of 1999**

**29.** Section 40 of the principal Act is hereby amended by the addition in subsection (1) of the following paragraph:

"*(c)* (i) the television licence fee which is payable for any television licence issued in terms of this Act, including the manner of payment and the collection thereof, penalties and ancillary costs;

(ii) the period of validity of a television licence;

(iii) the purpose for which and the place where a television set may be used;

(iv) different categories of television licences which any user of a television set may be required to possess;

(v) the duty to keep, maintain and furnish records and information, including a duty to supply the Corporation with such records and information as may be prescribed;

(vi) exemptions from the obligation to be in possession of a television licence; and

(vii) the transferability of a television licence.".

**Repeal and amendment of laws**

**30.** The laws specified in Schedule 1 are repealed or amended to the extent indicated in the third column thereof.

**Short title and commencement**

**31.** This Act is called the Broadcasting Amendment Act, 2002, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

**Wysiging van artikel 34 van Wet 4 van 1999**

**27.** Artikel 34 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende paragraaf by subartikel (2) te voeg:

"*(g)* die voorsiening van effektiewe lewering van programmering deur gebruik te maak van die mees effektiewe tegnologie wat beskikbaar is teen redelike koste."; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(4)*(a)* Enige persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet 'n uitsaaiseinverspreidingsdiens voorsien sonder 'n uitsaaiseinverspreidingslisensie, word geag toestemming te hê om sodanige diens te voorsien as sodanige persoon by die Owerheid aansoek doen om die lisensie binne ses maande na die inwerkingtreding van die Uitsaaiwysigingswet, 2002.

*(b)* Die toestemming bly totdat die Owerheid die lisensie geweier het of, in die geval van 'n besluit om die aansoek toe te staan, die lisensie uitgereik is.".

**Wysiging van artikel 35 van Wet 4 van 1999**

**28.** Artikel 35 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Veelkanaalverspreiders moet 'n **[afsonderlike klas van]** lisensie hou wat deur die Owerheid uitgereik is.".

**Wysiging van artikel 40 van Wet 4 van 1999**

**29.** Artikel 40 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:

"*(c)* (i) die televisielisensiegeld wat betaalbaar is vir enige televisielisensie wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is, met inbegrip van die wyse van betaling en die invordering daarvan, boetes en bykomstige koste;

(ii) die geldigheidsduur van 'n televisielisensie;

(iii) die doel waarvoor en die plek waar 'n televisiestel gebruik kan word;

(iv) verskillende kategorieë televisielisensies waarvan enige gebruiker van 'n televisiestel in besit moet wees;

(v) die plig om rekords en inligting by te hou, in stand te hou en te verskaf, met inbegrip van 'n plig om die Korporasie te voorsien van die rekords en inligting wat voorgeskryf word;

(vi) vrystellings van die verpligting om in besit van 'n televisielisensie te wees; en

(vii) die oordraagbaarheid van 'n televisielisensie.".

**Herroeping en wysiging van wette**

**30.** Die wette vermeld in Bylae 1 word herroep of gewysig in die mate wat in die derde kolom daarvan aangedui word.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**31.** Hierdie Wet heet die Uitsaaiwysigingswet, 2002, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

## SCHEDULE

| No. and year of Act | Short title | Extent of amendment or repeal |
|---|---|---|
| Act No. 153 of 1993 | Independent Broadcasting Authority Act, 1993 | 1. Amendment of section 13 by the insertion after paragraph *(b)* of the following paragraphs:<br>"*(c)* to administer, manage and plan the broadcasting services frequency bands in accordance with bilateral, multilateral or international regulations agreed to or adopted by the Republic;<br>*(d)* to approve technical parameters, signal standards, transmitters and transmission characteristics to be used by licensees;<br>*(e)* to inspect transmitters and other apparatus used by any licensee or prospective licensee;<br>*(f)* to assist the Government in preparing for international conferences convened by the International Telecommunications Union, and for that purpose attending such conferences and, where applicable, implementing any decisions adopted at such conferences.".<br><br>2. Substitution for section 21 of the following section:<br><br>"**Establishment of Broadcasting Monitoring and Complaints Committee**<br><br>**21.** The Council shall establish a Broadcasting Monitoring and Complaints Committee.".<br><br>3. Section 30 is hereby repealed.<br><br>4. Amendment of section 44 by the substitution for subsection (2) of the following subsection:<br>"(2) An application for the renewal of a broad- |

# BYLAE

| No. en jaar van Wet | Kort titel | Mate van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| Wet No. 153 van 1993 | Wet op die Onafhanklike Uitsaai-owerheid, 1993 | 1. Wysiging van artikel 13 deur die invoeging na paragraaf *(b)* van die volgende paragrawe:<br>"*(c)* om die uitsaaidienste-frekwensiebande te administreer, te bestuur en te beplan in ooreenstemming met bilaterale, multilaterale of internasionale regulasies soos ooreengekom of aangeneem deur die Republiek;<br>*(d)* om tegniese parameters, seinstandaarde, senders en seinkenmerke vir gebruik deur lisensiehouers goed te keur;<br>*(e)* om senders en ander apparaat gebruik deur enige lisensiehouer of voornemende lisensiehouer te inspekteer;<br>*(f)* om die Staat by te staan in die voorbereiding vir internasionale konferensies saamgeroep deur die Internasionale Telekommunikasie Unie, en om vir daardie doel sodanige konferensies by te woon en, waar van toepassing, enige besluite wat by sodanige konferensies aanvaar is, te implementeer.".<br><br>2. Vervanging van artikel 21 deur die volgende artikel:<br>"**Instelling van 'n Uitsaaimoniterings- en -klagteskomitee**<br><br>**21.** Die Raad moet 'n Uitsaaimoniterings- en -klagteskomitee instel.".<br><br>3. Artikel 30 word hierby herroep.<br><br>4. Wysiging van artikel 44 deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(2) 'n Aansoek om die hernuwing van 'n |

| No. and year of Act | Short title | Extent of amendment or repeal |
|---|---|---|
| | | casting licence shall be in the prescribed form, and in all other respects sections 41, 42 and 43 shall apply with the necessary changes in relation to an application for the renewal of a broadcasting service.".<br><br>5. Amendment of section 56 by the substitution for subsection (1) of the following subsection:<br>"(1) Subject to the provisions of subsection (2), all broadcasting licensees shall adhere to the Code of Conduct for Broadcasting Services as **[set out in Schedule 1]** prescribed.".<br><br>6. Substitution for section 69 of the following section:<br><br>**"Delegations**<br><br>**69.** (1) The Council may in writing—<br>*(a)* delegate to any councillor or any of its committees or to the chief administrative officer any power, function or duty conferred or imposed upon the Authority by or in terms of this Act: Provided that a power, function or duty so delegated to the chief administrative officer may be exercised or performed by any other staff member of the Authority specially authorized thereto except where the terms of such delegation preclude such officer from doing so; and |

| No. en jaar van Wet | Kort titel | Mate van wysiging of herroeping |
|---|---|---|
| | | uitsaailisensie moet in die voorgeskrewe vorm wees, en in alle ander opsigte moet artikel 41, 42 en 43, met die nodige veranderings, met betrekking tot 'n aansoek om die hernuwing van 'n uitsaailisensie toegepas word.".<br><br>5. Wysiging van artikel 56 deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:<br>"(1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) moet alle uitsaailisensiehouers die Gedragskode vir Uitsaaidienste soos **[uiteengesit in Bylae 1]** voorgeskryf, nakom.".<br><br>6. Vervanging van artikel 69 deur die volgende artikel:<br><br>**"Delegasies**<br><br>**69.** (1) Die Raad kan skriftelik—<br>*(a)* aan enige raadslid of enige van sy komitees of aan die hoof-administratiewe beampte enige bevoegdheid, werksaamheid of plig aan die Owerheid verleen of opgedra deur of ingevolge hierdie Wet, delegeer: Met dien verstande dat 'n bevoegdheid, werksaamheid of plig wat aldus aan die hoof- administratiewe beampte gedelegeer is, uitgeoefen of verrig kan word deur enige ander persooneellid van die Owerheid spesiaal daartoe gemagtig behalwe waar die bepalings van sodanige delegasie sodanige beampte belet om dit te doen; en |

| **No. and year of Act** | **Short title** | **Extent of amendment or repeal** |
|---|---|---|
| | | (*b*) authorize a standing committee or a special committee to exercise or perform any power, function or duty assigned to the Authority by or in terms of this Act.<br>(2) Any delegation or authorization under subsection (1) may be made subject to such conditions and restrictions as the Council may determine, and may at any time be amended or revoked by the Council.<br>(3) The Council shall not be divested of any power nor be relieved of any duty which it may have delegated under this section, and may amend or rescind any decision made in terms of such a delegation.<br>(4) The power to make regulations shall not be delegated under subsection (1).<br>(5) Nothwithstanding the provisions of this section, any committee delegated with the power to grant, amend, revoke, transfer or renew a licence in terms of this Act, must report its decision to the Council.".<br><br>7. Schedule 1 is hereby repealed. |
| Act No. 13 of 2000 | Independent Communications Authority of South Africa Act, 2000 | 1. Amendment of section 17 by the substitution for subsection (8) of the following subsection:<br>"(8) The members of any committee, including the **[Broadcasting Technical Committee and]** Broadcasting Monitoring and Complaints Committee referred to in section 21 of the IBA Act, who are not councillors or members of the staff of the Authority must be paid such remuneration and allowances as the Council determines.". |

| **No. en jaar van Wet** | **Kort titel** | **Mate van wysiging of herroeping** |
|---|---|---|
| | | *(b)* 'n vaste komitee of 'n spesiale komitee magtig om enige bevoegdheid, werksaamheid of plig aan die Owerheid opgedra deur of ingevolge hierdie Wet, uit te oefen of te verrig.<br>(2) Enige delegasie of magtiging kragtens subartikel (1) kan gedoen word onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat die Raad bepaal, en kan te eniger tyd deur die Raad gewysig of ingetrek word.<br>(3) Die Raad doen nie afstand van enige bevoegdheid nie, nóg word hy ontdoen van enige plig wat hy ingevolge hierdie artikel gedelegeer het, en kan enige besluit wat ingevolge sodanige delegasie geneem is, wysig of herroep.<br>(4) Die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, word nie kragtens subartikel (1) gedelegeer nie.<br>(5) Ondanks die bepalings van hierdie artikel, moet enige komitee met die gedelegeerde bevoedheid om 'n lisensie ingevolge hierdie Wet toe te staan, te wysig, terug te trek, oor te plaas of te hernu, sy besluit aan die Raad rapporteer.".<br><br>7. Bylae 1 word hierby herroep. |
| Wet No. 13 van 2000 | Wet op die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika, 2000 | 1. Wysiging van artikel 17 deur subartikel (8) deur die volgende subartikel te vervang:<br><br>"(8) Die lede van **['n]** enige komitee, met inbegrip van die **[Uitsaai- Tegniese Komitee en die]** Uitsaaimoniterings- en -klagteskomitee bedoel in artikel 21 van die OUO-wet, wat nie raadslede of lede van die personeel van die Owerheid is nie, moet **[die]** sodanige besoldiging en toelaes betaal word wat die Raad bepaal.". |

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5050
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5050